**1 Februarie 2014**

**Skrifgedeelte: Psalm 116**
**Fokusgedeelte: Psalm 116:15**

**Hoe kan ek die Here dank vir al sy genade?**

In Psalm 116 vind ons die drie dele van die Heidelbergse Kategismus, naamlik die ellende van die mens, die verlossing van God en die dankbaarheid van die verloste.

- *Ellende* – Daar is baie mense wat dink hulle kan sonder die Here lewe en dat hulle sonder die kerk van die Here kan lewe. Die teendeel is egter waar. Daarom die roep van vers 4: “Here, red my tog!” Red my van my sonde, want sonder u redding loop ek die ewige hel tegemoet. Die diepste van die mens se ellende is dat die dood oor hom mag gekry het deur die sondeval.
- *Verlossing* – Dit is die HERE wat red. Hy red uit die dood. “U het my van die dood gered” (vs 8). Israel kon by die paasfees van sy redding uit die slawerny getuig, maar as Christus op die paasfees die brood neem en die wyn en Hy die nagmaal instel, kry die redding eers werklik sy betekenis. En as Jesus en sy dissipels dan ook hierdie psalm daar aan die tafel sing, getuig die brood en wyn van die koms van die Messias en die volle prys wat betaal is. Hy het die dood oorwin, sodat die dood ’n deurgang na die ewige lewe sal word.
- *Dankbaarheid* – Ons teksvers is juis in dié deel van die psalm. Vers 15: “Vir die HERE is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie” of 1953-vertaling: “Kosbaar is in die oë van die HERE die dood van sy gunsgenote.” Gunsgenote in hierdie deel van die psalm beteken dus nie dat dit mense is wat iets verdien het om die HERE se gunsgenoot te wees nie. Gunsgenoot beteken hulle wat sy guns geniet. Hulle wat in sy genade en liefde, versorging en beskerming hier in die aardse lewe geleef het.

Daarom elke dag se lewensvraag: Hoe kan ek die HERE dank vir al sy genade?

Sing: Psalm 116:5, 7 (1936)

Ds PA (Peet) Coetzee (Potchefstroom)